

*Die bestuurslede van die Genootskap Oud Pretoria wat die oorhandigingsplegtigheid bygewoon het, saam met generaal-majoor W H Willemse. Vlnr: meneer J F Janse van Rensburg, meneer F J Wepener, professor F J du T Spies, generaal-majoor W H Willemse, dr C J P Jooste (Voorsitter van die Genootskap), mevrou M L Willmer, meneer T Andrews, mevrou en dr N A Coetzee.*

# Gevangenisdeure vir nageslag bewaar



*Generaal-majoor W H Willemse, Adjunk-kommissaris Bedrywe, oorhandig 'n boodskap van die Kommissaris van Gevangenisse aan die Genootskap Oud Pretoria, aan dr Corrie Jooste, Voorsitter van die Genootskap.*

Dieselfde gevangenisdeure waaragter Jopie Fourie in 1914 in Pretoria gevange gehou en tereggestel is, is op 11 November 1980 deur die Gevangenisdiens aan die Genootskap Oud Pretoria oorhandig vir bewaring.

Die deure is ongeveer 74 jaar oud en was die hoofingang na die ou Pretoriagevangenis wat in 1978 gesloop is om plek te maak vir 'n nuwe gebou, wat groter en moderner sou wees. Hierdie deure was gevolglik vir 74 jaar elke minuut onder bewaking!

Die gevangenis waarin Jopie Fourie aangehou is, was die derde in Pretoria en is in 1908 betrek. Die gebou is destyds die Pretoriase Lokale Gevangenis genoem en was veral bekend omdat dit as 'n baken gedien het.

Die Genootskap Oud Pretoria stel hom ten doel die restourering en bewaring van Pretoriase Kultuurhistoriese erfenis. Die deure is deur generaal-majoor W H Willemse (Adjunk-kommissaris Bedrywe) aan dr Corrie Jooste, Voorsitter van die Genootskap oorhandig. Die deure is waarskynlik van Burmese kiaathout en het voorwaar veel geskiedkundige waarde.

***Dr Corrie Jooste en generaal-majoor Willemse kyk na die deure wa oorhandig is.***




Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Die 2de Tronk in Pretoria 1880 h/v Visagie en Bosmanstrate*



*Die Potgieterstraat Tronk – 1907*



*Suidwestelike h/v Pretorius en Paul Krugerstrate. Die eerste Tronk in Pretoria*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services